

# LAAT LOS EN LAAT GOD


Laat los al jou probleme en laat God dit hanteer.

Laat los al jou hartseer en laat God jou heel maak.

Laat los al jou angs en laat God jou dra.

Laat los al jou sorge en laat God jou seën.







# NG KERK MOSSELBAAI-SUID

**AFKONDIGINGE: 23 SEPTEMBER 2018**

*"Die Here jou God is by jou, Hy, die krygsman wat red. Hy is vol vreugde oor jou, Hy is stil-tevrede in sy liefde. Hy jubel en juig oor jou.." (Sefanja 3:17)*

## PROGRAM VIR VANDAG

**DEUROFFER:** Spesiale offer vir die Stranddienste.

**KATEGESE/KINDERKERK:** Geen a.g.v. langnaweek.

**NUWE INTREKKERS:** Baie welkom in ons midde - mag u verblyf tot seën wees! Die dominee ontmoet jou graag na die diens voor die kansel.

## VOLGENDE SONDAG

**EREDIENSTE:** Om 09:00 in kerkgebou (ds Pieter Louw) en Vleesbaai (ds Danie).

**DEUROFFER:** Spesiale offer vir Instandhouding van die kerkgeboue.

**KATEGESE/KINDERKERK:** Geen a.g.v. skoolvakansie.

## PROGRAM VIR DIE WEEK

**KLEINGROEPE:** Vergader soos onderling gereël. Nuwelinge kan die kerkkantoor (tel. 6903552) kontak vir meer inligting.



**Ds Danie:** Dinsdag 09:30 in die kerk.

**Ds Robert:** Dinsdag 09:00 te 17de Laan 18 en 19:00 Tienie Bothastr 3. Donderdag 09:00 Vleesbaai/Rietvlei.

**Ds André:** Dinsdag om 09:30 in die saal. Woensdag selgroep om 18:30 te Boekenhoutstr 8.

**Maandag:** Erfenisdag—kerkkantoor is gesluit.

**Woensdag:** Santos Haven Biduur om 15:30 (ds Danie).

**Donderdag:** Manne bid om 06:00 in die "gat".


**Vrydag:** Skole sluit.

## BANKBESONDERHEDE

*Dankoffers: Absa Mosselbaai, rek.no. 207 058 0031*

*Geloofsoffers: Absa Mosselbaai, rek.no. 207 016 7886*

## BELANGRIKE INFO



**KOSKAS:** September is **Streek C** se beurt om bydraes te maak vir die koskas. Droë produkte, groente, blikkies en en gevriesde produkte, asook kontantbydraes kan by die kerkkantoor of die dienswerker afgegee word. Joey (073 2988 142).

**DEURKOLLEKTE:** Sinodale offer Bediening aan Jode was R2710-90.

**PITLOSE ROSYNE:** Te koop by die kerkkantoor @ R25/500g of R50/kg.

**SAAMKUIER NA DIENS:** Lekker koffie en tee word na die diens in die kerksaal bedien. Kom kuier lekker saam en leer mekaar beter ken.



**STAP EN ONTBYT:** Vleesbaai bied op 13 Oktober hulle jaarlikse stap en ontbyt aan op die plaas Misgunst, reg agter Vleesbaai dorp. Dit is 'n heerlike uitstappie in die duine by die see (ook vir gesinne) en 'n fondsinsameling. As jy nie wil stap nie, kom eet net ontbyt en kuier heerlik saam. Dagboek solank die datum, meer inligting volg later.



**TYDSKRIFTE:** Die Gevangenis benodig die volgende tydskrifte: Juig, Finesse, Vrouekeur, Leef, Lig. Handig in by kerkkantoor asb. Geen Huisgenote.

**HERBERG KINDERHUIS:** Hulle huisves 122 seuns en dogters en benodig dringend die volgende somersklere:

* Nagklere vanaf 3jr tot medium (seuns/dogters).
* Kortbroeke vanaf 6jr tot medium (seuns/dogters).
* T-hemde/kortmou hemde van 10 -13jr (seuns/dogters).
* Wit kortmou skoolhemde van 6jr tot large (seuns/dogters).
* Wit en grys skoolsokkies.

Gebruikte klere is ook welkom.

Kontak Petro by 023-626 3140 indien u kan help.






# GEBEDSBULLETIN

**Tema vir September: ONS BEPROEWINGE**

**Hierdie week se GEBED EN SMEKING:**

* Die stranddienspan wat DV Desember op Vleesbaai sal bedien, bid vir die samestelling van die span.
* Beproewinge/swaarkry - bid vir genade om God te dank IN alle omstandighede (nie vir alle omstandighede. 1 Tess 5:18).
* Groot dele van die wêreld wat geraak is deur Hurricane Florence en ander orkane.
* 23 -29 September is "*Global week of student Prayer'* . Bid vir die redding van studente.
* Matrieks in hierdie laaste fase van hulle skoolloopbaan.
* Die regering. Mnr Ramaphosa is 'n belydende Christen, maar hy verkeer onder baie druk om sy waardes prys te gee.
* Dag- en nagewening (21 Sept) is 'n spesiale datum vir spiritiste en sataniste en die uitvoering van sekere rituele. Bid vir die redding van hierdie mense.
* Die wettiging van dagga vir privaatgebruik - vra die Here om die negatiewe impak daarvan in sy genade te minimaliseer.

**Hierdie week se DANKSEGGING:**

* Vir die Here se belofte dat Hy ons sal dra wanneer die pad te swaar word.
* Vir ons erfenis - op tydelike gebied en geestelik.
* Vir die wonderwerk tov PE se damme. Die Churchill dam het vanaf 15% gestyg tot 100%. Die Kougadam ('n baie groot dam) het vanaf 6,8% gestyg tot 48%.
* Sagte opvolgreëns.

**PERSOONLIK:** Inwoners van Santos Haven se drie siekeboeë, Fynbosrand siekeboeg, Kenani, Huis Elsjé, Benevolent Park, Ons Huis, Huis Caro en Ons Rus. Die volgende lidmate herstel na operasies, hospitalisasie, siekte tuis, of beleef ander krisisse:

Dennis Viljoen Santos Haven
Drienie en Bart Muller Mopaniestr
Jan Cronje Sederstr
Joyce Vosloo Santos Haven
Driekie Strydom Da Nova
Helen Jooste Gholflandgoed
Leon van der Heyde 17de Laan
Petro Alberts Benevolent Park
Naomie Pretorius Fijnboschpark



**STERFTE:** Ma van Pine Pienaar McKinnerystr